# CANOLAFOKUS

Mondstuk van die canolawerkgroep

Junie/Julie 2017 No.77


## PIETER BEUKES: 2016 PNS CANOLA OPBRENGSKOMPETISIE WENNER VIR DIE SUID-KAAP

Chris Cumming, PNS Konsultant




Figuur 1: Die Canola opbrengskompetisie se eerste 3 ton per hektaar opbrengs deelnemer, Pieter Beukes en sy seun, onthul sy resep.

**CANOLA OPBRENGSKOMPETISIE 2017!**

**Skryf in vanaf 1 Julie 2017**

**082 221 5944**

Pieter boer buite Caledon op die plaas, Yahshua (Hebreeus vir “Ek was, Ek is en Ek sal wees”) saam met sy staatmaker vrou Salomien en drie pragtige kinders. Pieter se resep vir sy sukses was as volg: Pieter volg ‘n wisselboustelsel waarvolgens canola na gars of hawer volg en na die canola plant hy koring. Saam met sy voor-plant glifosaat bespuiting, wat gewoonlik so twee weke voor plant is, meng hy 300ml chloorpirifos om enige insekte wat die canola saailinge mag aanval uit die weg te ruim.

In die wenkamp, wat 283 mm reën ontvang het, het Pieter in 2016 die cultivar 45Y88 geplant teen ŉ digtheid van 4 kg saad per hektaar op die 27ste April. Die onkruiddoder trifluralien en ‘n peritroied is tydens die plantproses toegedien. Terselfdertyd is slakpille (Kombat Super) teen 10 kg per hektaar toegedien deur sy fynsaadpypies op die planter. Sodoende is ŉ gedeelte van die pille met die grond vermeng en ‘n gedeelte bo-op die grondoppervlakte gelaat.

Sy bemestingsprogram het bestaan uit 30kg N, 15kg P en 5kg S per hektaar, asook spoorelemente met plant omdat hy van mening is dat die canolasaailinge baat vind deur om ‘n volledige voeding met planttyd toe te dien. Die eerste bo-bemesting bestaande uit 40kg N, 10kg K en 6kg S per hektaar is op die 6- blaarstadium van die canola toegedien en is gevolg deur ŉ tweede bobemesting van 28,5kg N en 6kg S tydens stamverlenging van die canola. Die bo-bemestings is soverre moontlik net voor reën toegedien.

Die onkruidbeheerprogram na planttyd het bestaan uit ŉ Kletodim (750 ml\ha + ŉ benatter, Orosorp) wat toegedien is om grasonkruide wat die Trifluralin nie beheer het nie uit te haal. Hiermee saam is ook Herbiboost (2l\ha) en molibdeen (150g\ha) toegedien. Op 60 dae na plant is Cysure + Imiboost toegedien om breëblaaronkruide te beheer. Bortrac (500ml\ha) en Turboweed (2L\ha) is saam met die Cysure toegedien.

‘n Insekdoderbespuiting wat bestaan het uit ŉ mengsel van Milan (mospilan) teen 50 ml per hektaar + Lambda (Piretroied) teen 120 ml per hektaar + Bortrac (500ml\ha) + Turboweed (2L\ha) is tydens vroeë peulverskyning toegedien teen veral bolwurm en ruitrugmot wat kop uitgesteek het. Boetie Beukes, Viking se landbouchemiese verteenwoordiger wat Pieter adviseer, beweer

Turboweed het dit self bewys en Pieter beaam dit.

Ten einde swamsiektes te beheer is Prosaro op die 5 tot 6 blaarstadium van die canola toegedien om swartstam te beheer, terwyl ‘n tweede bespuiting tussen 30 en 40% blom toegedien is om sclerotinia te beheer.

Volgens Pieter sny hy sy canola plat as 50% van die pitte verkleuring toon en sny hy in die nag plat indien die canola ryper is. Hy is baie presies op die stel van sy stroper om te verseker dat die windspoed korrek is en het ook ‘n plaat aan die opteller aangebring om tydvermorsing verder te beperk.

Dit is duidelik dat hierdie produsent alles in sy vermoë doen om die canola maksimaal te laat produseer en die graanopbrengs van 3,09 ton per hektaar wat hy behaal het, toon dat sy resep goeie resultate lewer.

Benewens sy duidelike passie vir boerdery, is Pieter ‘n diep gelowige mens en staan hy ook nie ‘n tree terug om te dien waar hy voel hy ‘n verskil kan maak. Pieter dien as vise-voorsitter van die Canola Spesialiskomitee en ook as mentor vir die Genadendal gemeenskapsplaas. As lid van die Ouerraad van die skool op Caledon, is hy ook meer as bereid om sy deel te doen en onlangs het hy en sy plaaswerkers deur die nag tot 4vm in die oggend gespook om ŉ gebarste waterpyp by die skool te herstel. Beslis ‘n besonderse jongman.

Baie geluk Pieter !!!

**CANOLA OPBRENGSKOMPETISIE 2017**

Na ŉ baie suksesvolle kompetisie gedurende 2016 waarin uitstekende opbrengste behaal is en ŉ wen-opbrengs van meer as 3-ton per hektaar in die Suid-Kaap behaal is, het die Proteïennavorsingstigting (PNS) besluit om die kompetisie gedurende 2017 voort te sit.

Die doel van die PNS Canola opbrengskompetisie is om canolaprodusente aan te spoor om te streef na hoër graanopbrengste. Daarom sal die produsent wat gedurende die 2017 seisoen die hoogste canola graanopbrengs per hektaar behaal, beloon word met ŉ kontantprys van R25 000. ŉ Wenner sal vir elk van die Swartland en Suid-Kaap produksiegebiede aangewys word.

Daarom sal die produsent wat gedurende die 2017 seisoen die hoogste canola graanopbrengs per hektaar behaal, beloon word met ‘n kontantprys van R25 000. ‘n Wenner sal vir elk van die Swartland en Suid-Kaap produksiegebiede aangewys word.

Slegs canola wat sonder enige besproeiing verbou word sal kwalifiseer. Die grootte van die ingeskrewe kamp/land moet nie kleiner as 15 hektaar en verkieslik nie groter as 50 hektaar wees en ’n erkende canola (Brassica napus) cultivar moet verbou word.

Hierdie kompetisie bied ook geleenthede aan insetverskaffers in die canolabedryf om hulself te adverteer deurdat maatskappye/landboubesighede hulself aan spesifieke deelnemers kan verbind deur produksiemiddels soos saad, bemestingstowwe, plaagdoders ensovoorts van deelnemende produsente te borg of as tegniese adviseur vir die produsent op te tree.

Inskrywings vir die 2017-kompetisie open op 1 Julie 2017. Inskrywing moet elektronies aanlyn geskied op die webbladsy van die PNS by www.proteinresearch.net en besonderhede rakende die reëls van die kompetisie asook die inskrywingsvorms is op genoemde webbladsy beskikbaar. Inskrywings sluit vanjaar op 31 Augustus 2017 en aangesien daar vir die 2017 seisoen slegs 15 inskrywings vir elk van die Swartland en Suid-Kaap produksiegebiede toegelaat sal word is dit egter belangrik dat voornemende deelnemers so gou moontlik moet inskryf.

Meer inligting kan ook verkry word deur André Agenbag te skakel by 082 2215944

**Navrae:** Chris Cumming
**Redaksie:** PJA Lombard, J Bruwer, Prof A Agenbag, Izane Leygonie
***Geborg deur die Proteïennavorsingstigting***
Besoek die PNS se webblad by www.proteinresearch.net vir vorige uitgawes van nuusbriewe en pamflette.

PROTEïENNAVORSINGSTIGTING
PROTEIN RESEARCH FOUNDATION